# MAKKERS VAN DIE DOOD



SANDBERGH BEYERS

# MAKKERS VAN DIE DOOD

DEUR

SANDBERGH BEYERS

SEBRA BOEKE
In Groot Brittanje gedruk vir
SEBRA UITGEWERS (EDMS) BPK.,
301 S.A.C.T.A.—gebou,
Breestraat,
JOHANNESBURG.

# HOOFSTUK EEN

## *'n Karavaan Uitgewis*

Die Arabierse handelskaravaan beweeg stadig oor die warm sand van die Saharawoestyn in die rigting van Dini Sadazi, garnisoendorp van die Franse Vreemde Legioen. Hierdie is nie 'n besonder groot karavaan nie—daar is maar tien Arabiere en sestien kamele. Die kamele is belaai met handelsware uit die kontrei anderkant die Atlasgebergte. Daar is pragtige stukke sy uit Alleto, sy wat tussen die vingers kan deurglip soos strale helder water. Daar is saadmielies waarmee die inwoners van Dini Sadazi hul klein landerye kan besaai. Daar is sakke wat eintlik knoppe maak, so vol is hulle van die koffiepitte. Daar is groot kruike goedkoop soet wyn vir die Legioensoldate van Frankryk—kortom, goedere wat Arabiere versmous en goedere wat Arabiere ywerig koop.

Dit is nou al jare dat hierdie karavaanroete vreedsaam is. Twee maal elke maand kom 'n karavaan soos hierdie na Dini Sadazi. Die aankoms van die karavane is net so gereeld soos die groei en die kwyn van die maan. Dit is ook goed so, want as hierdie karavane nie meer deur die woestyn kom nie, sal Dini Sadazi verwurg omdat hy dan nie die behoeftes sal hê waarvan sy inwoners moet leef nie.

Party van die smouse loop langs hul kamele. Andere ry hul diere. Daar word nie veel gepraat nie. Hulle is reeds vyf dae lank in die woestyn en hulle moet nog 'n volle dag reis. In hierdie hitte, en omdat die reis nog glad nie agter die rug is nie, is die Arabiere selfs nie besonder begerig om te sit en babbel nie. Dit verminder net die energie en

dit maak die kele droog. Slegs die knarsing van swaar pote en af en toe die klap van 'n sweep verstoor die eindelose stilte van die woestyn.

Toe 'n groep perderuiters ver op die gesigseinder verskyn, verstoor dit nie eens die Arabiere se swygsaamheid en hul kalmte nie.

Maar toe die ruiters naderkom en hulle uitgeken word as Bormoen-ruitery, vegters van die heerser El Dowla, toe kyk die smouse vinnig op, hul oë groot van die verbasing.

Karavane kom dikwels op El Dowla se ruiters af, maar nooit so ver na die weste toe nie, gewoonlik veel verder na die ooste. Hierdie is ver binne die patrolleergebied van die Vreemde Legioen en die smouse verwonder hulle aan die waaghalsigheid van hierdie ruiters.

Hulle is nietemin dankbaar oor die verskyning van hierdie ruiters. Gewoonlik kan hulle aan hierdie El Dowla-soldate die een of die ander verkwansel en hierdie krygers betaal gewoonlik meer as die handelaars van Dini Sadazi. As hulle die een of ander artikel nodig het, koop hulle dit, ongeag die prys.

Die Bormoen-ruitery kom op volle galop aan en hul wit en rooi mantels vlieg bollend en wapperend agter hulle aan.

Een bejaarde smous lek sy gebarste lippe af en bring sy kameel tot staan. Die andere maak ook so. Blykbaar is hierdie ruiters baie begerig om met die smouse in aanraking te kom. Dit kan slegs beteken dat hulle graag wil koop. Daarom begin die smouse solank die toue losmaak waarmee hul handelsware op die rugte van die kamele vasgemaak is.

Hulle vorder egter nie ver daarmee nie. Hul vingers word dom aan die touknope en hulle staar met stomme verskrikking na die naderende ruiters. Daar is sowat twintig Bormoen-ruiters. Hulle kom jagend aan. Hulle kom in 'n lang ry aan.

Hulle storm.



Hul kromsabels is uit die skedes getrek. Hulle blits in die hittige son. Hulle is na vore uitgestoot. Op die gesigte van daardie ruiters is daar 'n wrede vasberadenheid.

Een van die smouse skreeu van die vrees. Dit is 'n hoë, skrille skreeu van vrees vir die dood. Die andere begin ook skreeu en hulle spring weg en dit is 'n vreemde, vergeefse vlug oor die sand.

Die Bormoen storm tussen hulle in soos arende wat tussen weerlose dasse beland het. Die kromsabels suis deur die lug en binne 'n paar oomblikke is daar 'n aaklige, volstrekte stilte.

Die ruiters steek die rooi sabels in die skedes terug.

* * * * *

Joos Janse verskik sy geweerband omdat dit smaak of dit in sy skouer invreet. Hy praat stadig met sy droë mond. "Hierdie keer gaan Dini Sadazi voel soos ou Kaapstad op 'n lentemôre. As daar een ding is wat 'n mens weer leer om die gewone dinge van die lewe te waardeer, dan is dit 'n bietjie garnisoenwerk in Fort Ney."

Agter die Suid-Afrikaner kug iemand. Dit is Phil Marleigh, die Engelse soldaat van Kompanjie Een van die garnisoen in Dini Sadazi.

Joos kyk oor sy skouer na die Engelsman en dié glimlag, sy rooierige gesig die ene sand en sweet.

". . . Of dalk sal Dini Sadazi jou aan Piccadilly laat dink," sê Joos. "Ek sal egter aan die eike van Kaapstad bly dink."

Hierdie slag lag Marleigh openlik en hartlik. "Jy moes 'n skrywer van boeke gewees het," sê hy vir Joos. " 'n Verbeeldingskrag soos joune het ek nog nie gesien nie. Vir my is hierdie Sadazi niks anders as 'n vlieë-mishoop in die woestyn nie. Ek moet egter toegee dat dit darem beter is as daardie ellendige Fort Ney."

Org Ochse en Neels Bredenkamp, die ander twee Suid-

Afrikaners in Kompanjie Een, stap weerskante van Joos. Org druk sy glasoog bietjie stewiger vas en hy luister na die Engelsman se woorde wat hier van agter af kom.

"Dis die moeilikheid met julle Kakies," sê Org. "Julle is altyd te prakties. Veral julle neefs wat op die universiteite was, is glad te slim. As jy lank genoeg in hierdie vervloekste leër was, sou jy Dini Sadazi as 'n soort paradys in die woestyn gereken het. Dit het kafees, dit het wyn, dit het. . . ."

Neels kom tussenbei. "Kafees. . . . Het ek julle al vertel hoedat Jan Hammersma een keer vir my 'n lekker biefstuk gekoop het nadat ons daardie geveg gehad het? Toe ons eet, sê hy vir my. . . ."

Die andere kreun. Hulle ken hierdie storie tog al so goed. Lank gelede het Neels in die bokskryt met die Randse swaargewig, Jan Hammersma, geskerm en hy kan dit nog nie vergeet nie. Die massiewe Neels onthou dit daagliks.

Joos sê: "Kyk hier, ou knewel, jy't ons al so baie vertel van die slag toe Jan Hammersma jou bloedneus geslaan het, dat ons al amper self die pyn kan voel. Basta tog nou 'n slag met daardie storie. Ons wil dit nie weer hoor nie."

Neels haal sy pet af en veeg met sy mou die glinsterende sweet van sy blinkende pankop af. Dan kyk hy skuins na Joos af. Neels is so groot dat hy na die meeste manne in die Vreemde Legioen moet afkyk. Hy is soos 'n reus gebou.

"Watwo! Hy't my g'n bloedneus geslaan nie," sê Neels. "Hy't gesê hy wil niks met my te doen hê in 'n rêrige geveg nie. As ek nie in hierdie ellendige uniform beland het nie, dan het ek hom kaduks geslaan, boeta."

Neels praat ergerlik en half hartseer. Hy is baie fyngevoelig oor sy boksreputasie en daarby is hy nie met 'n oormaat van verstand geseën nie. Daarom kry hy maklik seer en opmerkings soos dié van Joos neem hy te ernstig op.



Org druk Neels in die ribbes. "Wanneer ons eers in 'n lekker kafee in Dini Sadazi sit, kan jy ons alles oor daardie geveg vertel, ou ram. Nou is dit bietjie warm en ons is moeg en ons sien nie kans om selfs aan 'n boksgeveg te dink nie."

Meteens raak hulle stil, want hulle besef dat, hoewel hulle al twee dae deur die woestyn marsjeer, dit nog nie oor is nie. Hulle sal Dini Sadazi nie sien voor môremiddag nie. Hulle moet nog 24 uur deur die hitte en die sand aanslof.

Hul lang verblyf binne die beperkte ruimte van Fort Ney het hul stapvermoë verminder. Hul liggame het sterk gebly van die aanhoudende oefeninge, behalwe hul bene.

Hierdie is nie 'n dringende mars nie. Hulle stap minder as 30 myl daagliks. Maar vir elkeen van hierdie 120 manne is die mars 'n nagmerrie. Dit smaak al of hul kuite aan die uitskeur is van die aanhoudende inspanning deur die sand. Die sand is in hul stewels en hul voete is al rou geskaaf en seer van die blase. En intussen brand die meedoënlose son die krag uit hulle uit.

Nou stap hulle maar net, sonder om te praat en die enigste geluide is die knarsing van stewels en die geklingel van waterkannetjies.

"*Halt!*"

Die bevel kom van maer, blas kaptein Monclaire wat vooraan stap. Hulle kom sloffend tot staan en hulle swaai die Lebelgewere omlaag en leun op die lope.

Die meeste dink nie eens na oor die rede vir hierdie bevel nie. Monclaire het die bevel gegee en hulle gehoorsaam dit byna soos masjiene.

Ander is egter nuuskierig. Marleigh sê: "Wat is nou gaande? Dit is te vroeg om kamp te maak en dit is nog nie tyd vir die rusperiode nie."

Joos en Org leun skuins uit die geledere en kyk na Monclaire. Hy het sy verkyker uit en sersant Duparne staan langs hom.

Die twee volg die rigting waarin die twee offisiere kyk.

"Liewe hemel! G'n wonder dat ons tot staan gekom het nie!" sê Joos.

'n Halfmyl voor hulle is daar 'n duik in die sand. Dit lyk of 'n groot, bewende grys kombers oor hierdie duik oopgesprei is.

"Ja," sê Org, "g'n wonder nie . . . aasvoëls!"

Hierdie woorde trek in 'n halfdosyn vreemde tale deur die kolonne. In 'n oomblik het hulle hul uitputting vergeet. Hulle het selfs van Dini Sadazi vergeet. Hier is aasvoëls. Dit beteken dus dat hier ook dood moet wees. En te oordeel aan die honderde spartelende, vegtende roofvoëls, moes meer as een man die lewe hier gelaat het.

Hulle is dankbaar toe Monclaire sy verkyker bêre en die bevel gee om te marsjeer.

Die dood veroorsaak baie emosies. Nuuskierigheid is een daarvan.

Toe hulle naderkom, vlieg die groot, onwillige voëls op. Hulle draai oorheen en die lug is vol van hul protesterende gesanik.

Op die grond het hulle 'n toneel agtergelaat wat selfs die mees geharde man 'n draai op sy maag gee. 'n Mens kan sien dat hierdie Arabiere was, want hul klere is nog byna ongeskonde, hoewel die lyke al liederlik vermink is.

Monclaire huiwer, asof hy moed probeer bymekaar skraap. Dan rol hy een van die lyke met sy stewel om.

Daar is 'n lang, diep sabelsny. Hy draai na Duparne toe.

"*Mon Dieu!* Hierdie karavaan was doodseker op pad na Dini Sadazi. Waarom sou hulle aangeval gewees het?"

Duparne trek net sy smal skouers op. "Roof, *mon capitaine*. Dit is die enigste uitleg. Dit is nou jare dat so iets nie gebeur het nie, maar hierdie roofbendes slaan maar van tyd tot tyd toe. Ek is bevrees dit is die enigste uitleg."

Monclaire skud sy kop stadig, vee met sy hand oor sy ken wat swart geword het van die baardstoppels en dan wys hy na iets wat Duparne nie opgemerk het nie.

'n Entjie van die slagting af lê bondels op die sand—bondels sy wat aan repe geskeur is. Daar lê hope en strepe mielies en koffiepitte wat uit hul sakke gestroom het. Daar lê gebreekte wynkarba's en die inhoud het in donker kolle op die sand uitgedy.

"Hierdie is nie roof nie," sê Monclaire. "Rowers laat nie hul buit op hierdie manier agter nie. En kyk 'n bietjie na hierdie wond. Dit is die werk van 'n kromsabel. Dit kan 'n mens duidelik sien. Hierdie is die werk van die Bormoen. . . ."

Die meeste soldate is naby genoeg om hierdie verbasende woorde van hul kaptein te hoor. Die spanning vloei deur hul geledere.

Org kyk na die manne rondom hom. Hulle lyk 'n handjievol in die onmeetlike omvang van die woestyn. As die Bormoen in groot getalle in die omgewing is, is die posisie gevaarlik, om die minste daarvan te sê.

"Sal ek dankbaar wees as ons Sadazi weer sien!" sê Joos en kyk bietjie hulpeloos na die andere.

Die res snap die betekenis van sy woorde. Legioensoldate kan geen genade verwag van hierdie Arabierse wreedaard El Dowla wat aan die St. Cyr, in Frankryk, die Westerse krygskuns geleer het nie. Hy voer 'n aanhoudende en duiwelse oorlog teen die Franse besettingsmagte.

Hoewel sy voormalige hoofstad, Doeroek, die afgelope tyd deur die Legioen beset word nadat hy die garnisoen van Fort Ney uitgemoor het, verskuif hy sy nuwe hoofkwartier so snel en so oulik, dat dit nog steeds onmoontlik was om genoeg magte aan te wend om hom vas te keer en hom eens en vir altyd te breek.

El Dowla se troepe is goed gedissiplineer en fanaties dapper. Daar is nie 'n soldaat in die Legioen wat vir hierdie krygers nie 'n sterk eerbied het nie, want hulle val nie

aan sonder dat hulle oorweldigend in die meerderheid is nie. Elkeen in hierdie kolonne weet van die een of ander makker wat gesterf het in die een of ander skermutseling met die Bormoen.

Marleigh staan diep in gedagte daar. Hy is 'n kêrel wat dinge ontleed, want hy was 'n student aan Oxford totdat 'n lelike glippens hom laat besluit het om by die Vreemde Legioen aan te sluit om sodoende sy familie vernedering te spaar.

"Waarom sou hulle hierdie smouse vermoor het?" verneem Marleigh. "Hierdie Bormoen doen alles wat sleg en wreed is, maar waarom sou hulle hierdie onskuldige Arabierse smouse om die lewe gebring het? Hierdie is tog hul eie mense!"

"Ek voel so aan my broek ons gaan eerlank uitvind," sê Joos. "Ek is oortuig dat hierdie gruweldaad in opdrag van El Dowla gedoen is. Dan moet daar 'n goeie rede voor wees. Hy doen niks sonder dat daar 'n goeie rede voor is nie."

Terwyl hy nog so praat, sien Joos metaal in die sand glinster. Dit lê hier vlak by so voete, maar blykbaar het die andere dit nie opgemerk nie. Hy buk en trek die voorwerp uit die sand. Joos hyg van die verbasing sonder dat hy dit kan help. In sy hand het hy 'n ligte masjiengeweer wat byna heeltemal onder die sand toe was.

Die ander wat dit sien, hyg ook van die verbasing en skrik. Iemand steek sy hand uit en raak die dodelike, glinsterende loop aan.

"Gee daardie ding hier," klap dit uit Monclaire wat nou ook gesien het wat Joos gevind het.

Monclaire loop na Joos toe. Toe hy die geweer oorhandig, verduidelik Joos hoe hy dit gevind het, maar Monclaire luister skaars.

Monclaire staar byna verwese na die wapen. Hy sê teenoor Duparne: "Hierdie is een van die jongste modelle. Dit word deur sekere Europese leërs gebruik, maar nie



deur ons weermagte nie. Die Bormoen moes dit hier verloor het. Dit het seker gebeur toe hulle die smouse aangeval het. Maar hoe kom hulle in besit van hierdie soort ding?"

Org staan gespanne en luister. Dan kan hy dit nie meer uithou nie. Hy spring op aandag. "Mag ek 'n paar woorde sê, *mon capitaine*?"

Monclaire kyk vinnig op. In omstandighede soos hierdie verwelkom hy nie onderbrekings deur gewone soldate nie. Bo alles is hy egter billik teenoor sy manskappe.

"Praat as jy wil praat, maar kort en bondig," klap dit uit die kaptein.

"Ek wil graag daardie geweer bekyk, *mon capitaine*," sê Org.

Dit is 'n buitengewone versoek van 'n soldaat teenoor sy aanvoerder. 'n Oomblik staar Monclaire oorbluf na sy mindere. Hy wil hierdie soldaat eers berispe wat so voor op die wa is, maar dan bedink hy hom, want dit het hom te binne geskiet dat Org een van die beste skutters in die Legioen is en dat die studie van vuurwapens sy stokperdjie is.

Daarom gee Monclaire die geweer aan Org.

Org laat sy vingers oor die slot gaan. Hy druk 'n knippie af en hy trek die magasyn uit. Hy hou dit na Monclaire uit en hy glimlag terwyl hy praat.

"Dit is 'n Ratak-snelgeweer, Reeks Drie, *mon capitaine*. Dit is modern. Hierdie soort is nog slegs twee jaar in gebruik. Dit vat 34 patrone en hulle kan binne vier sekondes afgevuur word. In die hande van die Bormoen kan hierdie 'n gevaarlike wapen wees, maar. . . ."

Hy gee die magasyn aan Monclaire voordat hy verder praat.

". . . die patrone moet skeef in die magasyn gesteek word. Pleks daarvan is hulle reguit ingesteek. Die gevolg was dat die ding vasgesteek het nog voordat die eerste skoot afgevuur is. Kyk hierso . . ."

Hy ruk die slot oop en daar sit twee patrone teen mekaar vasgedruk.

"Hierdie Bormoen sal eers moet leer hoe om met hierdie ding te werk. Tensy hulle iemand kry om hulle te leer, is hierdie geweer vir hulle heeltemal waardeloos," sê Org.

Monclaire vat weer die geweer. Hy kyk 'n rukkie aandagtig daarna en dan gee hy plotseling die bevel dat hulle moet verder marsjeer.

Hulle beweeg in die rigting van Dini Sadazi. Voordat hulle nog almal van die plek van die bloedbad af padgegee het, begin die eerste aasvoëls alweer neerstryk, vegtende en worstelende.

## HOOFSTUK TWEE

### *Lemme in die Donker*

'n Mens kan dit in die dreunende markplek voel, in die donker gangetjies, in die kafees. 'n Mens kan daar nie van ontsnap nie. In Dini Sadazi is daar spanning. Daar is meer as spanning. Daar is die gevoel van iets wat voor die deur staan, en tog kan niemand verklaar wat voor die deur staan nie. Daar is vrees en tog weet niemand wat hy vrees nie. Die atmosfeer is swaar van emosionele lading. Dit het vanmiddag begin met die terugkeer van die Kompanjie Een van Fort Ney en die verspreiding van die nuus dat die smouskaravaan uitgemoor is.

Arabierse handelaars met maer arms en ingesonke gesigte, kla hul nood teenoor Allah oor hierdie ongeluk wat hulle gewedervaar het en hulle praat opgewonde en fluisterend teenoor hul bure wat nou ook goedere moet ontbeer wat hulle so nodig het. Daar word gefluister dat hierdie die werk van El Dowla is. Daar word gefluister dat El Dowla nie weer 'n karavaan sal deurlaat voordat die Franse soldate uit Dina Sadazi padgegee het nie. In die dorp is daar baie manne wat hierdie ontstellende nuus versprei, manne wat hulle as handelaars voordoen, maar wat veel meer na vegters lyk. Hierdie selfde manne versprei die storie dat 'n vreeslike lot die garnisoen wag. Meer as dit sê hulle nie. Dis al wat hulle te vertel het. Dan loop hulle maar net verder en versprei hul stories.

'n Paar glo hierdie stories nie. Sadazi verkeer al jare onder die Franse bewind sonder dat daar enige noeilikheid was. En tog moes die Bormoen dit danig naby Sadazi

gewaag het om daardie karavaan uit te moor en die Legioen het niks gedoen om dit te probeer verhinder nie.

El Dowla is baie sterk. As hy hierdie garnisoendorp kan blokkeer, gaan dit groot lyding en ontbering vir die inwoners beteken. So praat die Arabiere, aanhoudend en babbelend en hulle swyg slegs wanneer van die Legioensoldate verbystap.

Almal weet dat iets gaan gebeur, dat iets *moet* gebeur, net soos dit dan ook kort voor middernag gekom het.

Net soos die res van Kompanjie Een se manskappe, bring manskap Petula die aand deur deur in die kafee wyn uit Algiers te sit en drink. Hy word egter voor die ander hiervan sat, want hierdie is nie die soort wyn wat hulle in Spanje drink nie. Wyn behoort glad op die tong en warm in die keel te wees. Maar hierdie gemors! Dit smaak soos asyn. Hierdie wyn gee aan 'n man nie daardie aangename afstomping nie. Dit befoeter net sy kop, maak hom deurmekaar. En Petula voel dat sy kop nou deurmekaar genoeg is. Hy het daar genoeg van gehad.

Skynbaar geniet die andere dit nog. Daardie drie Suid-Afrikaners en die Engelsman, daardie blonde man, in die hoek, lag hartlik en hul glasies is nog half vol.

Maar Petula het genoeg gehad. Hy gaan nou na die kaserne toe loop om te gaan slaap.

Petula is bietjie onvas op sy bene toe hy by die kafee Fazel uitslinger en in die donker verdwyn in die rigting van die baie gangetjies en nou stege wat so kenmerkend van hierdie Arabierse dorpe is. Toe hy in die aandlug kom, draai sy kop nog meer. Die wyn roer nog dieper in hom. Dit laat hom aangenaam voel, lughartig, byna roekeloos.

Om die waarheid te sê, manskap Petula is lelik besope.

Hy begin te sing. Dit is 'n ou Spaanse liedjie wat hy geleer het toe hy nog 'n seun was en dit vertel van 'n senor wat hartseer is omdat die senorita hom nie wil aanneem nie. In daardie liedjie lê die vol lewe van Sevilje.



Petula sing geesdriftig en sy oë word vogtig oor die emosie in hierdie eenvoudige ballade.

As Petula nie loop en sing het nie, so hy dalk die ligte knarsing van sandale agter hom gehoor het, die fyn ritseling van sy.

Maar hy het dit nie gehoor nie en daarom sterf hy sonder dat hy dit eens weet en sonder dat hy ooit geweet het waarom.

Die krom mes glip omhoog tussen die Spanjaard se skouers in. 'n Oomblik raak sy bewende tenoorstem stil. Dan is dit weer daar, maar hierdie keer is dit 'n kort, trillende gil.

Petula is dood voordat sy gesig op die vuil sand val.

In die kafee Fazel kan hulle hoor hoedat die Spaanse lied wegkwyn namate Petula verder stap.

Daar is nie baie wat na hierdie lied luister nie. Die meeste tafels is nog vol soldate wat óf gesels óf luister hoedat andere praat.

Joos lê egter agteroor in sy stoel en luister na Petula se kwynende lied.

"Daardie Spanjaard kan lekker sing en dit smaak of hy vanaand lus het vir sing," sê Marleigh bietjie gapend.

Joos knik. "Petula dink vanaand aan Spanje en as hy aan Spanje dink, wil hy sing," sê die Suid-Afrikaner.

Neels en Org argumenteer oor die een of ander ding wat nou nie juis van wêreldskokkende belang is nie, maar hulle breek af en hulle luister ook.

"Daardie vent klink amper gelukkig," sê Org. "Dis tog snaaks wat 'n bietjie Arabierse wyn kan doen. Hy het blykbaar vergeet dat hy maar weer môre saam met ons ander op die paradeterrein sal moet swoeg."

Joos trek maar geduldig aan die bruin sigaret wat hy netnou gerol het. Dit smaak of hy rooispies aan rook is, maar hy geniet dit.

"Dit is goed as 'n mens af en toe soos Petula kan word . . ."

Die gesing breek in die middel van 'n noot af. 'n Gil neem die plek daarvan.

Joos kyk vinnig op.

Daardie gil, was nie hard nie, maar Joos het dit duidelik gehoor omdat Petula nog nie ver was nie.

Joos sê vinnig: "Is dit dan nie Petula wat daar geskreeu het nie?"

Die andere swyg en instinkmatig kyk hulle rond om te sien of iemand dit nie wil bevestig nie. Die gebabbel gaan egter voort en as die ander soldate die skreeu gehoor het, dan gee hulle daar nie op ag nie.

Joos druk sy sigaret dood en staan dadelik op. Hy sê niks verder nie. Dit is nie nodig nie. Die drie ander staan ook op en hulle gaan vinnig na buite.

Om die lyk van Petula is 'n skare Arabiere reeds aan die aangroei. Neels baan 'n weg deur die skare. Neels herinner 'n mens aan 'n stootskraper wat alles voor hom wegdruk. Neels moet egter swoeg en worstel voordat hulle die lyk kan bereik en sodat Joos dit kan ondersoek. Iemand fluit toe Joos die lyk omdraai en die lang rooi sny op die Spanjaard se rug sigbaar word.

"Ons moet hom dadelik na die kaserne toe neem," sê Org. "Ons sal hierdie plek soos 'n veerkussing moet uit mekaar pluk om uit te vind wie hierdie ding gedoen het."

Die Arabiere praat dringend en fluisterend met mekaar en twee woorde word soos 'n refrein herhaal: "El Dowla . . . El Dowla . . . El Dowla."

Joos hoor hierdie woorde en die ander hoor hulle ook. Marleigh is net op die punt om iets te sê toe hy skielik versteen waar hy staan. 'n Lang, indrukwekkende Arabier wat die stadige beweging van 'n kat het, het deur die Arabiere na voor gebeur. Hy kom staan hier half oor Petula. Sy vel is ligter as dié van die Arabiere in hierdie omgewing. Hy kyk verwaand in die rondte. Dan spuug hy op die lyk van Petula.

Daar kom 'n oomblik van volstrekte kalmte oor die skare. Nie een roer 'n vinger nie en nie een fluister eens nie.



Die stilte word deur hierdie lang Arabier verbreek. Hy rig sy liggaam op, staar vernederend na die paar soldate en dan lag hy kortaf en skor. Hy begin van die lyk af wegstap.

Hy vorder egter nie ver nie, nie meer as 'n tree of so nie. Dit is Neels wat hom voorkeer.

Neels is nie 'n kêrel wat kan vinnig dink nie. Sy brein is byna gedurig in rus. Selfs die gebabbel van die ander soldate is dikwels bo sy vuurmaakplek. Maar wat hy aan verstand kortkom, dit het Neels weer in dubbele mate aan liggaamskrag gekry. Hierdie is nou iets wat hy kan verstaan. Hierdie is nie 'n kwessie van woorde wat hom gewoonlik verwar nie. Hierdie lang vuilgoed het op 'n gestorwe makker gespuug en vir Neels is dit genoeg.

Omdat hy voorheen 'n bokser was en 'n goeie bokser daarby, kan Neels verbasend vinnig beweeg al is hy so groot. Op hierdie oomblik beweeg hy juis vinnig.

Sy linkerhand skiet uit en hy gryp die Arabier aan die skouer. Hy ruk en die Arabier tol om sodat daar minder as twaalf duim ruimte tussen hulle twee is. Die Arabier se neusvleuels bewe. Hy begin stadig onder die voue van sy kleed te soek. Joos sien dit, maar hy bekommer hom nie daaroor nie. Hierdie is nie die eerste Arabier met wie Neels deurmekaar raak nie. Mes of nie mes nie, Neels is mans genoeg vir hierdie soort situasie.

Dit is heeltemal reg dat Joos hom nie moeg maak oor die beweging van die Arabier se hand nie. Neels het dit hoeka ook gesien. Hy staan skielik vorentoe sodat hy byna teen die lang Arabier is. Sy vuis beweeg nie verder as die lengte van 'n span tabak nie. Dit is egter genoeg. Die Arabier ruk vooroor toe Neels se vuis hom op die krop van die maag tref. Hy begin stadig vooroor tuimel, maar Neels is met hom nog nie klaar nie. Daardie selfde regterhand skiet effens terug en dan skuins omhoog. Dit is 'n